

# ATKV-DRAKENSVILLE INLICHTINGSPAKKET VIR ONDERWYSERS



## WELKOM BY ATKV-DRAKENSVILLE OMGEWINGSENTRUM

Dankie dat u u skoolkamp by ATKV-Drakensville bespreek het. Ons het die volgende inligtingspakket ontwikkel om seker te maak dat u kamp so vlot as moontlik verloop. Ons het ook 'n kontrolelys verskaf om seker te maak dat alles gereël is.

### KAMPBEVESTIGING

Maak asseblief seker dat die bevestigingsdeposito teen die verskuldigde datum soos volgens die kwotasie betaal is, en dat die kampbevestigingsvorm aan ons terugbesorg is. Dit verseker dat ons voldoende personeel kan toewys en spysenieringsvereistes vir u kamp kan bestel. Let wel dat besprekings wat binne 30 dae voor die aankomsdatum gekanselleer word, die deposito sal verbeur.

### AKTIWITEITSPROGRAM

U kwotasie sluit 'n voorlopige aktiwiteitsprogram in. Hierdie program is onderhewig aan verandering en sal slegs gefinaliseer word wanneer u bevestigingsvorm ontvang is. Daarna is die program afhanklik van die weer en ons sal aktiwiteite vervang indien nodig. Laat ons asseblief vooraf weet van enige spesifieke vereistes en indien u nie 100% tevrede is met ons voorgestelde program nie.

### VRYWARINGSVORM

**Maak asseblief seker dat elke leerder 'n ATKV-Drakensville-vrywaringsvorm inhandig. Die skool of operateur se eie vrywaringsvorm is nie aanvaarbaar nie.**

### REÛLS EN REGULASIES

Die standaard ATKV-Drakensville riglyne en regulasies is van toepassing. Maak asseblief seker dat leerders dit gehoorsaam. Raadpleeg gerus die Kampbevestiging-vorm in hierdie dokument vir die reëls en regulasies.

### WAT OM TE BRING

- Medikasie
- Waterbottel
- Badhanddoek en persoonlike toiletbenodighede
- Flitslig en lantern (beurtkrag)
- Insekmiddel
- Sonskerm en hoed
- Swemhanddoek en doelgemaakte swemklere
- Sakgeld – kontant/kaart/Togel-bandjie vir snoepie.

### KAMPTOESIG

- ATKV-Drakensville-personeel is ten alle tye op die terrein.
- ATKV-Drakensville-personeel sorg vir alle spyseniering en aktiwiteite op die program. Skoolpersoneel sal moet help met toesig oor aktiwiteite sowel as om leiding met slaapyd en opstaandyd te neem.
- Ons erken die skool se algehele verantwoordelikheid vir die sorg van sy leerders.
- ATKV-Omgewingsentrum-gidse deel nie verblyf met leerders in die slaapsale nie.

## MEDIËSE EN ANDER NOODGEVALLE

- Alle ATKV-Drakensville-gidse sowel as ander personeel het noodhulpseertifikaat.
- Dit is egter ons beleid om eers hierdie sake na skoolpersoneel te verwys tensy omstandighede anders vereis.
- Die skool is verantwoordelik vir vervoer na mediese fasiliteite.

## VERBLYF

- Alle kampe sal die slaapsaalfasiliteite as hul primêre verblyf- (tensy oordhuise teen volprys aangevra word).
- Eland-slaapsaal het plek vir tot 96 leerders (48 seuns/48 meisies) en vier onderwysers (twee manlik/twee vroulik).
- Na gelang van finale getalle sal ons ook bykomende verblyf verskaf, indien nodig.
- By bespreking sal enige bykomende verblyfareas toegewys word en finale toewysing sal plaasvind wanneer finale getalle deurgegee is.

## RESTAURANT

- Alle maaltye word deur die Koswerf Restaurant verskaf. Leerders se maaltye word in die eetsaal bedien.
- Onderwysers (tensy anders gespesifiseer) sal maaltye in die Koswerf Restaurant geniet. Middagete is dieselfde as leerders se maaltye en 'n *à la carte*-spyskaart is vir aandete beskikbaar, of daar sal weer 'n buffet wees as konferensiegroepe aansluit by etes in die restaurant.

Die Koswerf Restaurant verskaf nie Kosher-maaltye nie

Die Koswerf Restaurant gebruik Halaal-produkte en is versigtig met werksoppervlaktes sowel as kombuis toerusting, maar die kombuis het nie 'n Halaal-sertifikaat nie. Leerders kan ook hul eie maaltye saambring, of hulle kan gebruik maak van plaaslike Halaal-kosverskaffers. Reëlins vir betaling en aflewering sal plaasvind tussen die ouers/skool en die verskaffer. Vra gerus vir 'n lys van plaaslike verskaffers indien u dit benodig. Indien 'n leerder hul eie kos bring of bestel vir aflewering, sal hulle ook hul eie eetgerei en glase (voorkeur is plastiek of weggooi-bare) moet saambring. Die Koswerf Restuarant sal dan ook nie enige etes warm maak nie

- 'n Bykomende fooi kan gehef word vir spesiale maaltydopsies soos Halaal, vegetaries ens.

## VERSEKERING, POLISIEKLARING EN NOODHULPKWALIFIKASIES

- ATKV-Drakensville het versekering teen publieke aanspreeklikheid.
- Alle ATKV-Drakensville Omgewingsentrum-personeel dra huidige Nasionale Polisieklaring-sertifikaat.
- ATKV-Drakensville-personeel het noodhulpseertifikaat en is ten volle ingeënt teen COVID-19.
- Alle ATKV-Drakensville Omgewingsentrum-gidse is gekwalifiseerde avontuurgidse, geakkrediteer deur CATHSETA en die Adventure Qualifications Network. Die omvang van hulle werk sluit in abseil tot 60 meter, boogskiet, kabelglybaan en hulle is bergstaproetegidse.

## SEKURITEIT

Die ATKV-Drakensville-perseel word deur 'n 24-uur-sekuriteitspan beman en snags gepatrolleer. Ons het nog nie sekuriteitsvoorvalle gehad nie, maar dit beteken nie dat ons nie op ons hoede moet wees nie.

**Muurkluis is in onderwyserseenhede beskikbaar. Ons vra dat alle waardevolle items en selfone in hierdie kluis toegesluit word.**

## GEBRUIK VAN SELFONE

Ons verkies dat leerders nie selfone saamneem op aktiwiteite of na maaltye nie. Ouers kan met die koördinerende onderwyser kommunikeer indien daar enige noodgevalle is.

## SOSIALE MEDIA

ATKV-Drakensville-gidse en bemarkingspersoneel neem nou en dan foto's en plaas dit op sosiale media. **Sê ons asseblief vooraf as u nie wil hê ons moet dit doen nie.** Volg ons op Facebook of Instagram, en leerders is welkom om hulself te "tag". Maak ook gebruik van ons fotorame wat op verskillende plekke in die oord geplaas is. Gebruik #drakensville #jougids #yourguide #dislekkerhier in u plasinge.

## KOMMUNIKASIE MET OUERS

- ATKV-Drakensville-gidse of ander oordpersoneel kommunikeer nie direk met ouers nie. Skakel gerus die onderwysers direk vir enige navrae of nuus.
- Optel van leerders gedurende die kamp moet vooraf bespreek word. Indien die leerder opgetel word weens 'n noodgeval, moet die hoofgids vir die groep in kennis gestel word.

Neem asseblief kennis dat ons nie voor of na die kamp enige navrae van ouers hanteer nie. Ouers moet asseblief met die koördinerende onderwyser kommunikeer.

## BANKBESONDERHEDE

REKENINGNAAM	ATKV-Drakensville
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	406-470-9751
TAKKODE	632-005

## TOERPAKKET

Verblyf	Koste	Pakket
Tydperk	Per leerder	Sluit in
2 nagte	R1361	Programfasilitering, 2 x ontbyte, 1 x middagete, 2 x aandetes
3 nagte	R1996	Programfasilitering, 3 x ontbyte, 2 x middagetes, 3 x aandetes
4 nagte	R2631	Programfasilitering, 4 x ontbyte, 3 x middagetes, 4 x aandetes
5 nagte	R3265	Programfasilitering, 5 x ontbyte, 4 x middagetes, 5 x aandetes
6 nagte	R3899	Programfasilitering, 6 x ontbyte, 5 x middagetes, 6 x aandetes
7 nagte en langer	Op aanvraag	

# ATKV DRAKENSVILLE KAMPBEVESTIGINGSVORM



Onderwysers en busbestuurders – Skooltarief	Koste	Onderwysers en busbestuurders – Buffettarief	Koste
2 nagte	R 679	2 nagte	R 1105
3 nagte	R 1077	3 nagte	R 1732
4 nagte	R 1475	4 nagte	R 2360
5 nagte	R 1873	5 nagte	R 2987
6 nagte	R 2334	6 nagte	R 3615
7 nagte en langer	Op aanvraag	7 nagte en langer	Op aanvraag

Happie-sakkies	Koste	Wegneem pakkies	Koste
Opsie 1 – R100.00 Kolwyntjie x 2 Jungle-energiestafie 47 g x 1 Vrugtesap x 1 Simba-skyfies x 1 Jogurt 100 g x 1 Sjokoladestafie 18 g x 1 Vrug x 1	R 113	Opsie 1 – R100.00: Hoenderburger OF hoender- <i>wrap</i> Vrugtesap 200 ml x 1 Jelly Tots x 1 Beskuitjies 50 g x 1	R113
Opsie 2 – R130.00: Kolwyntjie x 2 Jungle-energiestafie 47 g x 1 Vrugtesap 200 ml x 1 Simba-skyfies x 1 Jogurt x 1 Sjokoladestafie 18 g x 1 Vrug x 1 Mini Cheddar-beskuitjies x 1 Vrugtestafie 25 g x 1	R 138	Opsie 2 – R130.00: Hoenderburger OF hoender- <i>wrap</i> Vrugtesap 300 ml x 1 Water 330 ml x 1 Simba-skyfies 36 g x 1 Jelly Tots 40 g x 1 Beskuitjies 50 g x 1 Vrug x 1	R138

# ATKV DRAKENSVILLE KAMPBEVESTIGINGSVORM



Kies enige van die volgende om u aktiwiteitlys vol te maak:

Aktiwiteite op die oord	Keuse	Aktiwiteite weg van die oord teen bykomende koste	Keuse
Abseil – 7 m		All-out Adventures	
Abseil – 15 m (slegs hoërskoolleerders)		Drakensberg Seunskoor	
Verfbal		Dragon Rock Reptielsentrum	
Kettieverfbal		Falcon Ridge Roofvoëlsentrum	
Windbuksteikenskiet		Staproete in die Koninklike Nasionale Park	
Boogskiet		Tevreden Kaas	
Hindernisbaan		Sjokoladeproef-ervaring	
Ekologiese studie – water/veld/woud		Basotho Kultuurdoer	
Ark Race (opblaasstawe)		Slagvelde en historiese terreine	
Avontuur <i>blob</i>		Landboumuseum	
Vlotbou		Motorboot plesierritte	
Klimmuur – 6 m			
Foefieglybaan		<b>Aandaktiwiteite</b>	
Gaan Groen – Hernubare energie		Drommeklas (“drumming”)	
Kettieskiet		Inleiding tot die Drakensberge (lesing)	
Kultuurspele – jukskei, stokgeveg, ens.		Drakensberg-geologie (lesing)	
Hoë toubaan		Lanternbekruip	
Probleemoplossing		Kampkonsert	
Leierskapidentifisering		Sokkie	
Leierskapontwikkeling		Blindemol	
Leierskapspanbou		Sterrekyk	
Boeresport (bokdrolspoeg, kruiwaresies, toutrek)		Naglyn	
Avontuurgholf		Nagmars	
Hindernisresies			

Let asseblief daarop dat skole met bevestigde besprekings hierdie vorm nie later nie as **7 dae** voor aankoms by die kamp moet invul.

### Kampbevestiging:

As u versuim om hierdie voltooide vorm teen **7 dae** voor die begin van u kamp te stuur, kan dit ekstra verversingskoste beteken en/of sommige fasiliteite sal dalk nie beskikbaar wees nie.

Epos: PieterV@atkv.org.za

## BESONDERHEDE VAN KAMPKOÖRDINEERDER

KONTAKPERSOON	
SKOOL	
KONTAKTEL.-NR.	
E-POS	

## BESONDERHEDE VAN FINANSIËLE BEAMPTTE

KONTAKPERSOON	
KONTAKTEL.-NR.	
E-POS	

## KAMPBESOEKERS

GRAAD		
FINALE AANTAL STUDENTE	SEUNS	
	MEISIES	
FINALE AANTAL VOLWASSENES	MANLIK	
	VROULIK	
BUSDRIWERS		
GESKATTE AANKOMSTYD		
Let wel: Aankoms moet nie vroeër as 14:00 wees nie		
AANKOMSDATUM	VERTREKDATUM	

## VERJAARSDAE

Naam en geboortedatum van enige leerders of onderwysers wat tydens die kamp verjaar:

NAAM		DATUM	
NAAM		DATUM	
NAAM		DATUM	
NAAM		DATUM	

**SLEGS SPESIFIEKE DIEETKUNDIGE VEREISTES. WERKLIKE ALLERGIEË OF GODSDIENSTIGE DIEETKUNDIGE VEREISTES – NIE KOSVOORKEURE OF SELEKTIEWE ALLERGIEË NIE.**

**in Bykomende fooi sal gehêf word vir spesiale maaltyd opsies soos Halaal, vegetaries ens.**

## DIEETKUNDIGE VEREISTES

VEGANIS – GEEN dierprodukte nie.

1.		5.	
2.		6.	
3.		7.	
4.		8.	

VEGETARIES – GEEN vleis nie, maar sal eiers en suiwelprodukte eet.

1.		5.	
2.		6.	
3.		7.	
4.		8.	

GEEN VARK/BEESVLEIS – sal hoender, vis en skaapvleis eet.

1.		5.	
2.		6.	
3.		7.	
4.		8.	

HALAAL – ons restaurant is nie Halaal-gesertifiseer nie, maar produkte is deur die Islamitiese Raad gesertifiseer.

1.		5.	
2.		6.	
3.		7.	
4.		8.	

ALLERGIEË – spesifiseer asseblief.

1.		9.	
2.		10.	
3.		11.	
4.		12.	
5.		13.	
6.		14.	
7.		15.	
8.		16.	

### MERK ELKE BLOKKIE OM TE BEVESTIG DAT U ELKE VOORKAMPTAAK VOLTOOI HET

- Ja, ek het die dieetkundige vereistes vir leerders en volwassenes bevestig.
- Ja, ek het die leerders laat weet wat hulle kamp toe moet bring.
- Ja, ek het toesig verseker (ook in die slaapsaal).
- Ja, ek het die Inligtingspakket vir Onderwysers gelees.
- Ja, ek verstaan dat alle aktiwiteite deur die ATKV-Drakensville-gidse gefasiliteer sal word.
- Ja, elke leerder het 'n ATKV-Drakensville-vrywarringsvorm ingehandig.

## OPMERKINGS/BYKOMENDE VEREISTES

Skryf vrae/kommentaar of inligting  
Sluit enige kommentaar oor jou kamp in en/of addisionele vereistes

## BESONDERHEDE

SKOOL/GROEP		GROEPGROOTTE	
VERANTWOORDELIKE PERSOON		STUDENTE	
SELFOONNR.	E-POS	VOLWASSENES	
DATUM		DRYWERS	

### EENHEDE/KOSHUIS

- Respekteer asseblief die oord se gaste, maak gebruik van die asblikke, en moet asseblief nie plante of blomme pluk/beskadig nie. Alle programme eindig om 21:00. Groepstilte moet teen 22:00 heers, waar groepe rustig in hul onderskeie eenhede en onder die toesig van die verantwoordelike persoon is.
- **GEEN** luidsprekers word toegelaat nie.
- Rook en alkohol is verbode vir aller onderwysers gedurende die kamp.
- Die groep sal verantwoordelik gehou word vir enige skade/breëskade en betaling sal dadelik verwag word.

### WINKEL

- Slegs vyf persone word op 'n keer toegelaat en 'n onderwyser sowel as 'n Drakensville-gids moet teenwoordig wees om toesig te hou.

### VERVOER

- Alle vervoer na besienswaardighede en aksies buite die oord word deur die skool verskaf. Sodra die groep die oord verlaat vir eksterne aksies en programme, neem die oord nie verantwoordelikheid vir enige ongelukke, verliese of skade nie.

### SWEMBAD

- Toegang tot die kompleks met die verhitte swembad sal slegs toegelaat word as 'n Drakensville-instrukteur die groep vergesel. Die groep sal slegs toegelaat word om hierdie fasiliteit te gebruik indien toepaslike reëlings vooraf getref is.
- Gaste mag **SLEGS** doeltreffende swemklere dra (geen kortbroeke, T-hemde of rokke nie).
- Onderwysers verantwoordelik en aanspreeklik vir toesig by swembaddens. Die onderdakswembad is nie beskikbaar vir skoolgroepe nie. Maak slegs gebruik van die verhitte buiteswembad.
- Geen lewensredders aan diens nie.
- Geen swem in die aand toegelaat nie.

### HANDIG ASSEBLIEF ALLE VRYWARINGSVORMS SAAM MET HIERDIE VORM BY AANKOMS IN.

#### Addendum tot die ATKV se Vrywaringsvorm

Ek, die ondergetekende, verklaar dat ek die ATKV se vrywaringsvorm gelees en verstaan het, dat alle riglyne en risiko's aan my uitgewys is en dat ek die kans gehad om duidelikheid daarvoor te kry. Ek verklaar ook dat ek, kragtens die wet, gemagtig is om die vrywaringsvorm en ander toepaslike dokumente namens die groep te ontvang en om dit namens die groep te onderteken. Verder verklaar ek ook dat ek die vrywaringsvorm met die groep bespreek het en al die riglyne en risiko's aan hulle uitgewys het.

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 20\_\_\_\_\_.

HANDTEKENING

ID-NOMMER

# ATKV-DRAKENSVILLE OMGEWINGSENTRUM VRYWARINGSVORM



## 1. OUER/VOOG SE BESONDERHEDE:

1.1. Ek, \_\_\_\_\_ (volle naam en van), ouer/voog van \_\_\_\_\_ (volle naam en van) \_\_\_\_\_ (geboortedatum), gee hiermee my toestemming dat hulle mag deelneem aan al die aktiwiteite en uitstappies wat deur ATKV-Drakensville Omgewingsentrum gereël word. Ek verstaan dat aktiwiteite soos abseil, Drakensberg Seunskoor, Falcon Ridge, All-out Adventures, Dragon Rock Reptiles, KZN Parke, foefieglydraad, verbalskiet, boogskiet, kettieskiet, hoë- en laetoukursus, *blob*, breekkamer, Tevreden Kaas, staproetes, ens. by die program ingesluit kan word, soos deur die skool aangevra.

1.2 Ek aanvaar dat alle redelike voorsorgmaatreëls getref sal word om my kind se veiligheid en welstand te verseker. Sover ek weet is hulle fisies in staat om deel te neem aan die aktiwiteite soos georganiseer deur ATKV-Drakensville en is hulle gesond.

1.3 Ek verstaan dat ek verantwoordelik gehou sal word vir enige en alle mediese rekeninge (insluitende vervoerkoste na dokters) en/of hospitaalkoste (indien van toepassing) in die geval van siekte, besering of die sterfte van my kind.

1.4 Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die bestuur van ATKV-Drakensville Omgewingsentrum indien my kind mediese behandeling/hospitalisering of chirurgiese prosedures benodig.

1.5 Ek versoek dat die verantwoordelike persoon van die volgende kennis neem (noem asseblief enige aspekte waarvan die bestuur van die ATKV-Drakensville Omgewingsentrum bewus moet wees, byvoorbeeld allergieë ens.)

---

---

---

---

- 1.6 My kind kan swem:
- 1.7 My kind kan nie swem nie:
- 1.8 Mag foto's neem:
- 1.9 Mag nie foto's neem nie:

## 2. DIE VOLGENDE INLIGTING IS BELANGRIK IN GEVAL VAN MEDIESE BEHANDELING OF HOSPITALISERING:

2.1. Naam van mediese skema: \_\_\_\_\_  
Lidmaatskapnommer: \_\_\_\_\_  
Naam van werkgewer: \_\_\_\_\_  
Adres van werkgewer: \_\_\_\_\_

2.2 Telefoonnommers:  
Huis: \_\_\_\_\_  
Werk: \_\_\_\_\_  
Sel: \_\_\_\_\_  
E-pos: \_\_\_\_\_

# ATKV-DRAKENSVILLE VRYWARINGSVORM (VERVOLG)



As ouer/voog onderneem ek dat ek nie die administrasie, ATKV-Drakensville of personeel verantwoordelik sal hou vir skadevergoeding of enige siviele aksie as gevolg van enige ongeluk of enige ander gebeurlikheid weens sodanige persoon se *bona fide*-gedrag/-aksies wat tydens die bogenoemde aktiwiteite ontstaan nie, hetsy tydens die aktiwiteit of tydens vervoer na die aktiwiteit of enige gebeurlikheid ten opsigte van die bogenoemde leerder se aksies gedurende hul deelname aan die ATKV-Drakensville Omgewingsentrum-program of met gebruik van sy geriewe.

Ek, die ondergetekende, verklaar dat ek die ATKV se vrywaringsvorm gelees en verstaan het, dat alle riglyne en risiko's aan my uitgewys is en dat ek die kans gehad om dit vir my te laat uitlê en verduidelik. Ek verklaar ook dat ek kragtens die wet gemagtig is om die Vrywaringsvorm en ander toepaslike dokumente namens die groep te ontvang en om dit namens die groep te onderteken. Verder verklaar ek ook dat ek die vrywaringsvorm met die groep bespreek het en al die riglyne en risiko's aan hulle uitgewys het.

\_\_\_\_\_

Ouer/Voog se handtekening

\_\_\_\_\_

ID-nommer

\_\_\_\_\_

Datum